

**KONSTITUSIONELE BEPALINGS VAN
DIE BERG- EN TOERKLUB
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH**

Soos op 25 Augustus 2011

1. NAAM

1.1.1. Die Berg- en Toerklub (BTK) van die Universiteit van Stellenbosch.

2. DOEL

2.1.1. Om bergklimuitstappies, staptoere en kampe te organiseer en daardeur liefde vir die natuur en land aan te wakker.

3. LIDMAATSKAP

3.1. Om as lid van die klub te kwalifiseer moet aan een van die volgende voldoen word:

3.1.1. Moet studente aan die U.S. of die personeellede en hul eggenotes van die gemelde inrigting wees.

3.1.2. In uitsonderlike gevalle mag die uitvoerende komitee (dagbestuur), na 'n gemotiveerde skriftelike aansoek, besluit om enige ander persoon as lid toe te laat. Die sulkes sal verplig wees om 'n vrywaringsvorm te teken by inskrywing (sien Bylaag 1).

3.1.3. Sien ook bylaag 2

3.2. Inskrywing van lede geskied jaarliks, so gou as moontlik na aanvang van die akademiese jaar en wel by verteenwoordigers wat deur die bestuur aangestel is. Die bestuur besluit jaarliks op 'n sluitingsdatum vir alle inskrywings.

3.3. Verandering van ledegeld word met 'n twee derde meerderheid op 'n bestuursvergadering aangebring.

3.4. Die bestuur mag die lidmaatskap van 'n persoon beëindig wat volgens die oordeel van die bestuur die goeie naam van die klub of die Universiteit benadeel het. So 'n persoon sal die reg hê om sy/haar saak vooraf aan die bestuur te stel.

4. BESTUUR

4.1. Die bestuur sal hoogstens bestaan uit:

- 4.1.1.1. Ere-president
- 4.1.1.2. President
- 4.1.1.3. Vise-President
- 4.1.1.4. Voorsitter
- 4.1.1.5. Sekretaris
- 4.1.1.6. Tesourier
- 4.1.1.7. Kosma
- 4.1.1.8. Kosdogter
- 4.1.1.9. Sketskryfster
- 4.1.1.10. Redakteur: "Stap-Nou"
- 4.1.1.11. Daguitstappie leier: Rustig 1
- 4.1.1.12. Daguitstappie leier: Rustig 2
- 4.1.1.13. Daguitstappie leier: Avontuur
- 4.1.1.14. Lid vir Naweekuitstappies
- 4.1.1.15. Lid vir Berghut
- 4.1.1.16. Lid vir Stoor en Toerusting

4.1.1.17. Lid vir Rotsklim

4.1.1.18. Lid vir Bemarking

4.1.1.19. Lid vir Rekenaar

4.1.1.20. Lid vir Administrasie Tygerberg

4.2. Lede van die bestuur moet bona-fide studente van die inrigtings genoem in 3.1.1 wees, met uitsondering van die ere-president, president en vise-president wat verkieslik oud of huidige universiteitspersoneellede moet wees.

4.3. Die voorsitter, sekretaris, tesourier, kosma en dag-/naweekuitstappie konvenor vorm die uitvoerende komitee (dagbestuur) en is verantwoordelik vir die voorbereidende werk in verband met die aktiwiteite van die klub uitgesonder daguitstappies en berghutkampe.

4.4. Die bestuur word verkies op die jaarvergadering deur die lede van die klub.

4.5. Verkiesingsprosedure:

4.5.1. Skriftelike nominasies met die voorsteller en sekondant se handtekening moet by die sekretaris ingelewer word, minstens 'n kwartier voor die bestuursverkiesing plaasvind.

4.5.2. Nominasies vind plaas vir spesifieke portefeuljes.

4.5.3. Die name van die genomineerdes moet vertoon word op 'n prominente plek by die vergaderplek vir minstens 'n kwartier voor die bestuursverkiesing plaasvind.

4.6. Die dienstyd van die bestuur begin op 'n datum soos bepaal op die eerste gesamentlike vergadering van die in- en uittredende bestuur.

4.7. Enige vakature wat in die loop van die dienstyd van die bestuur mag ontstaan word deur die bestuur self gevul of die bestuur kan 'n lid ~~ko-opteerverkies~~ om die vakature te vul vir die duur van die bestuur se termyn.

4.7.1. Indien daar nie iemand van die huidige bestuur die vakature vul nie, moet die volgende proses gevolg word:

Formatted: Colorful List - Accent 1, None, Space Before: 0 pt, After: 0 pt, No bullets or numbering

Formatted

4.7.1.1. Die lede moet in kennis gestel word van die vakature.

4.7.1.2. Daar moet 'n tydperk van 'n week verloop waar die lede die geleentheid het om skriftelik aansoek te doen vir die posisie.

4.7.1.3. Die dagbestuur moet die aansoeke oorweeg en kan, indien nodig, 'n lid wat aansoek doen versoek om vir 'n onderhoud te kom.

4.7.1.4. Die dagbestuur moet 'n kortlys van die kandidate aan die bestuur beskikbaar maak tesame met 'n tydperk van 'n dag wat die bestuur kommentaar kan lewer

4.7.1.5. Daarna neem die dagbestuur die finale besluit

4.7.1.6. Die lede moet in kennis gestel word van die nuwe bestuurslid.

~~4.7.4.8.~~ Bestuursvergaderings word belê na goeë dunde van die voorsitter of op versoek van twee bestuurslede.

~~4.8.4.9.~~ Twee derdes van die bestuurslede vorm 'n kworum op die bestuursvergadering.

4.10. Op alle vergaderings van die bestuur en van die lede het die Voorsitter slegs 'n beslissende stem.

5. LEDEVERGADERING

5.1. 'n Ledevergadering kan ter enige tyd deur die bestuur belê word.

5.2. Kennisgewings van 'n ledevergadering, met agenda, moet minstens drie (3) universiteitsdae voor die tyd op die vernaamste kennisgewingsborde van die universiteit verskyn. In gevalle waar 'n verandering van konstitusie voorgestel word, moet kennisgewings minstens vyf (5) universiteitsdae voor die tyd verskyn.

5.3. Die jaarvergadering van lede van die klub vind jaarliks plaas op 'n datum soos deur die bestuur bepaal.

5.4. Die aantal teenwoordige lede op 'n ledevergadering vorm 'n kworum.

5.5. Vir 'n verandering van konstitusie word 'n twee derde meerderheidstem van die aanwesige lede vereis.

6. TOERE, UITSTAPPIES EN KAMPE

6.1. Kennisgewings van toere, uitstappies en kampe moet per e-pos en op die

Formatted

Formatted: Indent: Left: 1.4 cm, bullets or numbering

vernaamste kennisgewingsborde van die universiteit verskyn.

6.2. Besonderhede in verband met sodanige ekskursies is onderhewig aan wysigings deur die bestuur of betrokke leier.

6.3. Deelname:

6.3.1. Enige lid is geregtig om in te skryf vir 'n aktiwiteit van die klub en toegang daartoe sal deur 6.3.2 - 6.3.5 bepaal word, onderhewig aan 6.3.6.

6.3.2. Nie-US-studente wat lede is, val onder dieselfde kriteria as US-lede, behalwe dat, waar alles anders gelyk is, US-lede voorkeur kry. US-studente wat nie lede is nie kry, waar alles anders gelyk is, ook voorkeur bo nie-US-studente wat ook nie lede is nie.

6.3.3. Vir naweek- en daguitstappies bepaal die volgorde van inskrywing of iemand mag saamgaan op 'n uitstappie of nie. Nie-lede mag eers 'n Universiteitsdag later as lede begin inskryf teen 'n prys soos deur die bestuur vasgestel.

6.3.4. By alle uitstappies kan enige persoon namens iemand anders inskryf op die voorwaarde dat daardie persoon net vir homself en een ander persoon inskryf en dat daardie persoon sy eie asook die ander persoon se geld by inskrywing kan betaal.

6.3.5. Vir toere word die dag van inskrywing met 'n periode van inskrywing vir lede vervang, waar die toerlys aan die einde van die periode bekendgemaak word. Die toerlys word saamgestel volgens die **onderstaande** rangorde, en slegs toere of uitstappies meegemaak gedurende die laaste drie kalenderjare tel (huidige een ingesluit). Nie-lede mag na die periode van inskrywing begin inskryf.

6.3.5.1. Bestuurslede

6.3.5.2. Persone met die meeste aantal toere

6.3.5.3. Waar toere gelyk is, lede met die meeste dag- en/of naweekuitstappies

6.3.5.4. Waar geen toere gedoen is nie, kry iemand plek as hy/sy voorheen plek op 'n toer geweier is in die betrokke tydperk

6.3.5.4.1. Wanneer 'n lid plek kry op 'n toer met die aanvanklike bekendmaking van die toergroep, en weens ander omstandighede nie meer die toer kan meemaak nie, tel dit nie as 'n toer geweier nie.

Comment [HPM1]: Alles hieronder is nie rangorde nie en 6.3.7, is ook ter sake. Ter wille van duidelikheid moet mens se hier iets duideliker maak.

Formatted: Highlight

Formatted: Indent: Left: 3.05 cm, No bullets or numbering

Formatted:

6.3.5.5. 'n Ou toeris kry plek op 'n spesifieke toer indien hy/sy vir die vorige toer waarvoor hy/sy ingeskryf het geweer is in die betrokke tydperk.

6.3.5.4.6.3.5.5.1. Die voorsiening wat in 6.3.5.5 gemaak word mag nie meer as 20% van die toergroep uitmaak met die aanvanklike bekendmaking van die toergroep nie.

Formatted

Comment [R2]: Om te verhoed dat le nie vir meer as een toer geweer word nie omdat hulle nie deur 6.3.5.4 gedek word nie.
Asook om te verhoed dat hierdie vergunning te veel onervare mense op die toer plek gee

6.3.5.5-6.3.5.6. As daar andersins geen toere gedoen is nie, tel slegs die persoon se hoeveelheid dag- en/of naweekuitstappies

6.3.5.6-6.3.5.7. Waar die dag- en/of naweekuitstappies gelyk is, tel die volgorde van inskrywing

6.3.5.7-6.3.5.8. 20% van toerlede moet eerste toeriste wees. In die geval waar daar minder as 20% eerste toeris inskrywings vir 'n toer is word die toer gevul met ou toeriste.

Formatted: Highlight

6.3.5.8-6.3.5.9. 20% van die plekke op 'n toer/uitstappie word gereserveer vir Tygerberg lede in die geval waar daar meer as 20% inskrywings van Tygerberg lede is.

6.3.5.9-6.3.5.10. Nie meer as die helfte van die 20% in 6.3.5.8 mag eerste toeriste wees nie.

6.3.6. Deelnemers aan 'n aktiwiteit van die klub verbind hulself daartoe om te dien op die komitees waarop hulle aangestel word, tot samewerking in die algemeen en om hulle neer te lê by die reëlings van die leier of bestuur.

6.3.7. Die bestuur het die reg om af te wyk van die normale inskryfstelsel vir die volgende redes:

6.3.7.1. 'n Balans tussen mans en dames moet op toere gehandhaaf word.

6.3.7.2. 'n Voldoende aantal ervare of goedgekeurde persone, soos wat die bestuur dit nodig ag vir die werking en omstandighede van die toer, moet saamgaan.

6.3.7.3. Die aantal oud-BTKners op die toer mag nie meer as 5% van die toergroep uitmaak nie (onderhewig aan a en b hierbo), tensy daar minder as die maksimum aantal inskrywings ontvang is.

6.3.7.4. Die ~~dagbestuur~~ bestuur mag die inskrywing van 'n lid weier,

6.3.7.4.1. As dit blyk dat hy/sy onwillig is om hom/haar by die besluite van die bestuur neer te lê of ~~as daar deur die uitvoerende komitee (dagbestuur) besluit word dat~~ die deelname van die lid nie tot voordeel van die toergroep sal strek nie.

Formatted: Colorful List - Accent 1, No bullets or numbering

6.3.7.4.2. As die lid ouer as 26 jaar is.

6.3.7.5. Met die spesiale geval, onderhewig aan 6.3.7.5.1, mag die dagbestuur dit goed dink om 'n persoon plek op 'n toer te gee wanner sy/haar ouers as toerouers dien.

6.3.7.5.1. Die voorsitter moet die aard van die betrokke roete in ag neem voordat die begunstigde in 6.3.7.5 ingesluit kan word, om te verseker dat die persoon nie tot nadeel van die toergroep sal wees nie.

6.3.8. Lede wat geld terugeis na die afloop van 'n toer, vir watter rede die mag wees, het 'n tydperk van 'n maand na die aanvang van die volgende akademiese kwartaal om dit te doen. Daarna dra die bestuur geen verantwoordelikheid tot die eis nie.

6.4. Onderhewig aan bepaling 6.8 hieronder, neem die voorsitter, president en so ver nodig die orige aanwesige bestuurslede, die leiding op ekskursies van die klub, uitgesonder daguitstappies, naweekuitstappies en berghutkampe. By afwesigheid van die voorsitter, stel die bestuur 'n leier aan.

6.5. Onderhewig aan bepaling 6.8 hieronder, tree die daguitstappie-leier of persoon deur hom aangestel in oorleg met die uitvoerende komitee, as leier by daguitstappies op.

6.6. Onderhewig aan bepaling 6.8 hieronder, tree die lid vir naweekuitstappies of persoon deur hom aangestel in oorleg met die uitvoerende komitee, as leier by wandelpad-roetes op.

6.7. Onderhewig aan bepaling 6.8 hieronder, tree die lid vir berghut of persoon deur hom aangestel in oorleg met die uitvoerende komitee, as leier by berghutkampe op.

6.8. Die president het die reg om op ekskursies die leiding oor te neem wanneer hy dit noodsaaklik ag, met latere verantwoording aan die bestuur. Die vise-president tree op as president by laasgenoemde se afwesigheid.

6.9. Die bestuur stel vir elke toer 'n chaperone en toervader aan. Die toervader moet verkieslik die president of die vise-president wees. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie moet dit 'n bekwame leier bekend met die werking van die BTK wees. Die toerouers word deur die uitvoerende komitee aangestel.

6.10. Die toerleier (voorsitter) kry 50% afslag op toere en 100% afslag op die Gala.

6.11. Die kosma kry 100% afslag op die Gala.

Formatted: Colorful List - Accent 1, No bullets or numbering

Formatted

Formatted: No bullets or numbering

Comment [R3]: Dit maak voorsiening sodat daar nie net as 1st toeris plek kry maar ook as ou toeris met by 1 toer

Comment [R4]: Dit is om as vergoeding aan die toerouers te verseker dat hulle kinders wat sou wou ook die toer kan meemaak. Voorsiening vir kinders buite BTK/ nog skool

Formatted

Formatted

Formatted: No bullets or numbering

6.12. Die toerouers kry 25% afslag op alle toere

~~6.11-6.13.~~ Die dagbestuur hou die reg voor om in totaal 'n verdere 50% afslag vir enige ander persoon/persone vir enige toer toe te staan volgens hul goeddunke indien hierdie persoon 'n sleutel rol op die toer vervul.

7. FINANSIES

7.1. Die tesourier hanteer die finansies van die klub in ooreenstemming met die finansiële riglyne soos neergelê.

7.2. Die finansies van die klub word bestuur deur die tesourier volgens die riglyne wat deur die administrasie van die Universiteit van Stellenbosch neergelê is en aan die bestuur voorgelê is vir goedkeuring.

7.3. Die administrasie van die Universiteit van Stellenbosch stel jaarliks 'n ouditeur aan om die finansies van die klub te kontroleer.

8. ALGEMEEN

8.1. In geval van twyfel aangaande die betekenis of interpretasie van enige bepaling van hierdie konstitusie of van enige huishoudelike reëls, sal die bestuur as finale arbiter optree en sy beslissing sal bindend wees op alle lede.

Formatted: Colorful List - Accent 1,
None, Space Before: 0 pt, After: 0
No bullets or numbering

BYLAAG 1

VRYWARINGSVERKLARING

Ek, die ondergetekende, _____, verklaar hiermee soos volg:

1. Ek sal op my eie verantwoordelikheid aan die aktiwiteit, naamlik _____ deelneem en die risiko daaraan verbonde vrywillig aanvaar.
2. Ek onderneem onvoorwaardelik om geen eis van enige aard teen die Universiteit van Stellenbosch ("die US") of enige werknemer van die US in te stel nie en om op geen wyse hoegenaamd die US aanspreeklik te hou vir enige skade of verlies wat ek ookal persoonlik of aan my eiendom mag ly, insluitende sonder beperking enige verlies van my persoonlike besittings, enige besering wat ek mag opdoen of skade wat my boedel mag ly weens my besering of dood wat regstreeks of onregstreeks spruit uit my deelname aan bogenoemde aktiwiteit, ongeag hoe sodanige skade of verlies ook al mag ontstaan.
3. Ek vrywaar hiermee die US en al sy werknemers gesamentlik en afsonderlik en stel hul skadeloos teen alle aanspreeklikheid wat uit bogemelde aktiwiteite vir die US mag voortspruit, hetsy teenoor my, my boedel of teenoor enige ander persoon.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____

Naam van student: _____

Studentenommer: _____

***Handtekening (Student):** _____

***Handtekening (Ouer / Voog):** _____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

*(**LET WEL:** In gevalle waar die student minderjarig is, m.a.w. onder die ouderdom van 21 jaar **moet** die ouer / voog se handtekening ook aangebring word.)

BYLAAG 2

Lewenslede:

Die lewenslede sisteem word afgeskaf in sy huidige vorm.

Alle betaalde lewenslede (die wat die voorgskrewe bedrag aan die bestuur betaal het) mag toegelaat word as lede van die klub, maar moet hulle aan die konstitusie onderwerp.

Betaalde lewenslede kan nogsteeds die Stap-Nou! in elektronies formaat ontvang. Indien 'n harde kopie verlang word, moet dit spesiaal aangevra word by die bestuur. Die BTK waardeer die rol wat oud-lede in die funksionering van die klub speel en enige insette is welkom verwelkom hulle betrokkenheid by die klub.